# Hoofstuk van die dag: 2 Korintiërs 13

*… wanneer ek kom, wil ek nie met die gesag wat die Here aan my gegee het, streng teen julle optree nie. Met dié gesag*

> *moet ek opbou, nie afbreek nie. (2 Kor 13:10)*

Paulus skryf in 11:2 dat dit sy taak is om te sorg dat die gemeente as bruid vlekkeloos sal wees vir haar Bruidegom. Hiermee eggo hy die woorde van Johannes die Doper (Joh 3:29). Dit gaan nooit in die kerk om die leiers nie. Hulle het wel bepaalde gesag van God ontvang, maar nie om hulleself te dien of om soos slawedrywers of diktators oor die gemeente te heers nie. Hulle het gesag van God ontvang om die gemeente te dien en op te bou (vers 10b).
Paulus was deurgaans versigtig om nie sy Godgegewe posisie vir eie gewin te misbruik nie. Dit het vir hom deurgaans daaroor gegaan dat die gemeente Christus Koning moet maak in hulle lewens. Hy het sy gesag gebruik om die gemeente agter Christus aan te lei, weg van dwaalleraars en ander verleidings.
Ons kan dit vandag nog as maatstaf aanwend as ons 'n predikant of pastoor beoordeel. Dis eintlik eenvoudig: oor wie gaan dit in hulle lewe, woorde en dade? Waar laat hulle die lig val? Op hulleself, of Christus?

*Naskrif:*
Ons lees van môre af weer die briewe aan die Tessalonisense.


## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien

© Bybelkoerant 2018 – 2026